

**HANDLEIDING VIR ONDERWYSERS - AANBIED VAN 'N ONSKAN24 (MEDIA24)
SKOOLKOERANT-KURSUS BY U SKOOL**

Geagte Skoolhoof/ Skoolkoerantonderwysers

Baie dankie dat u bereid is om u skool as gasheer vir een van die kursusse van Media24 se Skoolkoerant-projek (OnsKan24) beskikbaar te stel. Ons waardeer die moeite wat u skool gaan doen om alles gereed te kry.

Gasheerskole vir kursusse kry natuurlik gratis publisiteit en nuusberigte en foto's oor die geleentheid sal, waar moontlik, in Beeld/ Volksblad/Die Burger gepubliseer word.

Dit is die gasheerskool se taak om die voorbeeldbrief op die skool se briefhoof aan te bring en vir Beeld in Onderwys te stuur met die omliggende skole se besonderhede om hulle uit te nooi om die kursus op die betrokke dag by te woon. OnsKan24 se logo moet ook op die brief verskyn. Daar moet minstens 60 kursusgangers wees, maar nie meer as 120 nie. Elke skool moet hulle kursugangers se kursugeld (R100 per leerder) inbetaal bankbesonderhede is aangeheg faks /e-pos asb. depositostrokie na bogenoemde (Dis net om verversingskoste, 'n koerant en handleiding en aanbiedingskoste te dek.

Die gasheerskool sal R50 per leerder kry, OnsKan24 sal dit volgens presensielysgetalle oorbetaal. Indien die skool 'n winsie per leerder maak, kan dit vir die skoolkoerant benut word.

Die sukses van so 'n kursus word deur goeie organisasie en noue samewerking tussen u skool en OnsKan24 bepaal. OnsKan24 gee die opleiding, kursusbateriaal en pryse. As teenprestasie moet u skool soveel as moontlik kursugangers werf. Elke skool moet minstens 24 berigte per jaar op OnsKan24 publiseer.

Hierdie is eerstens 'n opleidingsgeleentheid vir redaksieledes en onderwysers by skoolkoerante betrokke. Mense wat bv. 'n dorpskoerant of die gemeente se nuusblad bedryf, is ook welkom. Die gasvryheid van u skool behoort in die gemeenskap heelwat vir die goeie naam van u instansie te beteken.

Ons versoek u vriendelik om sover moontlik te hou by die reëlings soos in hierdie handleiding uiteengesit. Dit is besonder volledig en sal u taak, sowel as die van die kursus-aanbieders, baie vergemaklik.

Ek glo dat die kursus 'n besonder verrykende ervaring sal wees vir u skoolkoerant-redaksie en dat dit hulle tot nuwe hoogtes sal aanspoor.

Indien u enige navrae het, skakel ons asb. by
083 380 1800 (Elize), e-pos: elizeng@mweb.co.za

Voorspoed met al die organisasie!

Elize Engelbrecht

OnsKan24 Skoolkoerantkompetisie-koördineerder

HIERDIE HANDLEIDING OMSKRYF DIE MINIMUM TAKE WAARVOOR ELKE GASHEERSKOOL VOORSIENING MOET MAAK. DIT STAAN DIE SKOOL VRY OM BYKOMENDE UITSTALLINGS TE VOORSIEN EN BYDRAES TE LEWER SOOS WAT HY GOED DINK. SPESIFIEKE VERANDERINGE KAN OOK GEMAAK WORD OM DIE KURSUS BY PLAASLIKE OMSTANDIGHEDDE AAN TE PAS. ONSKAN24 NEEM VERANTWOORDELIKHEID VIR AL DIE LESINGS OP DIE PROGRAM.

REGISTRASIE:

- Die skool moet BETYDS briewe aan OnsKan24 verskaf en faks nrs of e-pos adresse van al die skole in die streek om uitnodigings te kan stuur om hulle na die kursus te nooi. Inskryfvorms en 'n program sal ingesluit word. 'n Voorbeeld van so 'n brief, 'n inskryfvorm en program is hierby aangeheg - u moet dit op u skool se briefhoof oortik en aan OnsKan24 e-pos.
- Ons het gevind die aanslag van die kursus verskil vir laer- en hoërskoolleerders. Waar moontlik, versoek ons dat slegs laerskoolleerders, of slegs hoërskoolleerders 'n spesifieke kursus aanbied. Waar daar genoeg belangstelling is van laerskole en hoërskole, versoek ons dat die skool asseblief twee lokale beskikbaar sal stel om die twee groepe te skei. Andersins bied ons dit ook met differensiasie suksesvol gesamentlik aan.
- Neem asseblief in ag dat die leerders van 08:30 tot 14:00 die kursus meemaak en dat jonger kinders heel moontlik verveeld kan raak. Ons het gevind die volle omvang van die kursus is eers werklik sinvol vir leerders vanaf gr.6 en beveel dus aan dat laerskole slegs gr.6 en 7 leerders na die kursus sal stuur. Onderwysers kan self hul oordeel in hierdie verband gebruik en jonger leerders is steeds welkom indien onderwysers voel hulle kan daarby baat. Andersins sal ons die kursus baie sinvol gekombineerd aanbied.
- Beeld/Die Burger/Volksbald gee publisiteit in die koerant, maar u kan ook self die kursus adverteer - plakkate, kennisgewings, ens. **Bel, bel en bel weer - is die beste resept!**

- Die skool en OnsKan24 sal met mekaar in verbinding bly watter skole laat weet het dat hul die kursus gaan bywoon asook die kontakpersoon by dié skool se besonderhede plus die aantal leerders per skool. Daar moet minstens 60 kursusgangers wees; maar nie meer as 120 nie. Indien daar minder is, sal daarvoor kommunikeer word
- Skole is welkom om hul skoolkoerante saam te bring indien hulle wil hê die aanbieders moet daarna kyk om aanbevelings te maak.
- Leerlinge sal in groepe van **maksimum ses tot 8** elk aan tafels sit. Skuif slegs die tafels en stoele reg - die indeling word deur die aanbieders self gedoen. Laerskoolleerlinge moet verkieslik saam om 'n tafel sit.
- Die kursusse is OF in Afrikaans, OF Engels, NIE tweetalig NIE. Indien Engelse leerlinge dit wil bywoon, MOET hulle van 'n tolk vergesel word. (Weens die tydsbeperking en druk program is dit onmoontlik om alles te vertaal - Engelse kursusse word op versoek aangebied).
- Ons sal weer 'n week vooraf die finale briewe en program aan skole wat die kursus gaan bywoon stuur en opvolg. Tydens registrasie op die dag van die kursus moet naamplakkers aan elke deelnemer verskaf word om self hul name op te skryf.
- Indien u borge vir die verversings bekom, kan die dag 'n stewige winsie vir die skoolkoerant se bankrekening oplewer. Dit is raadsaam om skenkings van bv. redaksieledes se ouers te kry - dan is u wins soveel groter. Onthou u kry R50 per kursusganger – dit sluit onderwysers in.

HOOFLOKAAL

- Die hooflokaal waarin die meeste interaksie plaasvind, is verkieslik 'n skoolsaal of ander groot lokaal by die skool.
- Indien laerskool- én hoërskoolleerders die kursus bywoon, word skole vriendelik versoek om asseblief twee lokale beskikbaar te stel, waar moontlik.
- 'n Tafel met ses/agt stoele moet vir elke groep voorsien word. Voorsien 'n tafel vir die onderwysers agter in die saal. Plaas vir die aanbieders twee tafels en ses stoele voorin die saal, asook drinkwater en glase.
- Voorsien 'n groot wit skerm waar almal duidelik videos en foto's kan sien.
- Voorsien asseblief 'n verlengkoord.
- INDIEN BESKIKBAAR - voorsien 'n blaai bord; OF 'n swart- of witbord met penne vir die aanbieders. Indien daar 'n klankstelsel beskikbaar is, sal dit gaaf wees indien ons dit kan gebruik.

- Ons versoek egter dat die skool 'n paar skêre en gom sal beskikbaar stel, asook dik kokipenne (pak dit asb. op elke tafel) **OF** dat leerders in die brief gevra word om hul eie skêr en gom te bring. Ons Kan24/ WeCan24 verskaf boekies en penne, maar leerders kan ook 'n pen en notaboekie saambring.
- Beeld bring koerante en skoon papier vir die finale opdrag.
- Verskaf asb. vullishouers - in die saal of by elke tafel.
- Beeld /Die Burger/Volksblad behou die reg voor om reklame-materiaal in die saal te plaas. Die skool kan ook reklame-materiaal van hul borge in die lokaal plaas.

VERVERSINGS EN ETES:

- Die skool is verantwoordelik vir vroegoggend se koffie, tee en iets soos toebroodjies/skons/beskuit as die aanbieders en kursusgangers ver gery het.
- Teetyd - koffie, tee, vrugtesap, iets klein om te eet.
- Middagete vir almal. Iets wat maklik is om te eet soos hamburgers/worsbroodjies, toebroodjies
- 'n Paar pakke lekkers, na gelang van hoeveel kursusgangers daar is (deurmekaar lekkers wat in pakkies opgemaak is - nie te duur nie) wat eers die middag as pryse uitgedeel word. Voorsien asb genoeg sodat daar vir elke tafel 'n pakkie lekkers gegee kan word. Sommer Fizers is ook reg. Die res van die pryse word deur Beeld verskaf.

VIR AANBIEDERS:

Sou die aanbieders al Vrydagaand arriveer, gaan hulle in 'n gastehuis/koshuis tuis. Ons Kan24 sal dit waardeer indien die skool met 'n plaaslike gastehuis vir 'n billike oornagtarief kan beding.

ALGEMEEN:

- 'n Skooldklok (handklok) is baie handig om die einde van werksessies aan te kondig.
- Die skoolhoof/onderwyser/redakteur van die betrokke skool doen die verwelkoming saam met Beeld se koördineerder van die kursus.
- Die skool rig alle navrae aan Beeld in Onderwys. Beeld voorsien die skool teen die Dinsdag voor die kursus van getalle leerlinge en onderwysers.
- 'n Onderwyser van die gasheerskool moet deurentyd beskikbaar wees om te help met reëlings of noodgevalle wat mag voorspruit.

VOORBEELD VAN BRIEF WAT DEUR GASHEERSKOOL AAN ANDER SKOLE GESTUUR MOET WORD/STUUR DIT NET AAN BEELD-IN-ONDERWYS EN ONS SAL DIT LAAT UITFAKS

Beste Skoolhoof

SKOOLKOERANTKURSUS

OnsKan24 (Media24) bied vanjaar op _____ 'n skoolkoerant-kursus by _____ aan.

Joernaliste van Beeld/Die Burger/Volksblad sal as aanbieders by die kursus optree. Die doel van die kursus is om 'n bydrae tot uitnemendheid in die Suid-Afrikaanse skoolkoerant-joernalistiek te lewer. Lede van skoolkoerante se redaksies en ander aspirant-joernaliste word op die kursus aan kreatiewe idees en loopbane in die joernalistiek blootgestel. Hulle sal ook vaardighede oor die praktiese produksie van 'n skoolkoerant aanleer.

Van die onderwerpe wat op die kursus bespreek sal word, sluit in: die doel van 'n skoolkoerant; hoe om idees vir artikels te kry; onderhoudvoering en hoe om 'n goeie berig te skryf. Daar sal ook aan digitale koerante aandag gegee word. Hoëskoolgroepe sal ook meer leer van die gebruik van sosiale media. Skole sal afronding kry om aan die kompetisie deel te neem en ook weet hoe hulle by OnsKan24 artikels kan laai.

'n Konsepprogram word vir u kennisname aangeheg.

Die koste beloop R100 per kursusganger. Dit is vir die kursus en verversings/etes.kursusmateriaal en 'n koerant.

Elke skool moet hulle kursusgangers se geld 'n week voor die kursus inbetaal. Bankbesonderhede is aangeheg en depositostrokie faks/e-pos na **087 942 7227/087 942 7230** of e-pos skool@beeld.com

Belangrik: Skole moet ons voor die sessie registreer by www.onskan24.co.za en ons kontak as hulle nie regkom nie.

Leerlinge woon die kursus in informele drag by. Voorsien ook asb. eksemplare van u skoolkoerant, sodat die aanbieders dit op die kursusdag kan bespreek.

Kontak

083 380 1800 (Elize), of skool@beeld.com of elizeng@mweb.co.za

Groete

VOORBEELD VAN INSKRYFVORM – faks vir skole

Naam van skool _____

Adres _____

Tel _____ Faks _____ E-pos _____

Naam van skoolkoerant _____

Gedruk/Digitaal _____

Skakelonderwyser _____

Huis/selnommer _____

Redakteur _____

Huis/selnommer _____

Voltooi bostaande inligting en tabelle op
bladsy 8 en e-pos/ faks dit terug

KOSTE

Aantal deelnemers _____ @ R100 per persoon.

Hierdie vorm en die inskryfgeld moet ons 'n week voor die aanvang van die kursus bereik

Ons bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekeningnr: 4048931283

Takkode: 632005

Rekeningnaam: Media 24

Verwysingsnr: KIOB + skool se naam

Onthou asb om u skoolkoerant saam te bring.

**Faks depositostrokke na: 087 942 7227 of 087 942 7230 of e-pos na
skool@beeld.com**

OnsKan24 Program

8:30-14:30

Verwelkoming

Waaruit bestaan n koerant

Wat is in en wat is uit

Intros skryf en bepaal die beste een

Hoe voer jy n goeie onderhoud?

Onderhoud vir n storie

Teetyd

Hoe skryf jy n goeie berig?

Hoe skryf jy 'n goeie intro?

Uitleg en koppe

Fotografie

Middagete

Maak van koerante: Digitaal

Hoe lyk 'n wenkoerant?

Hoe kan artikels gereeld by OnsKan24 geplaas word

Skoonmaak en beoordeel van koerante

Huis toe

Belangrik: Skole moet voor die sessie registreer by www.onskan24.co.za en ons kontak as hulle nie regkom nie.

Kursusganger Inligting

Naam van Leerder	Graad en kontakno/e-pos	Redaksie-portefeulje

Naam van Onderwyser	Kontakno/ e-pos